**1 April**
**Skrifgedeelte: Psalm 16**
**Fokusgedeelte: Psalm 16:8**

**Met die Here by my struikel ek nie**

Nog ‘n besondere ontdekking waartoe Dawid in sy nadenke oor sy lewe kom, is: “Ek het die Here altyd by my: omdat Hy by my is, sal ek nie struikel nie.” Die wete dat die Here orals en altyd by hom is, het alle vorme van vrees vir die hede en die toekoms by hom weggeneem. Al word die stryd vorentoe op sy lewenspad ook hoe moeilik, hy sal staande bly. Wat ook al met hom of rondom hom gebeur, die Here hou hom vas. Die wete bied aan hom ware troos en bemoediging.

Wie bely dat hy die Here altyd by hom het, is nie bang vir die hede of die toekoms nie. As ek glo dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe die eiendom van die Here is, dat Hy my beskerm en versorg, my leer hoe om te lewe, vrees ek selfs nie die dood nie (vers 10).

Ons is vir die hede en die toekoms veilig by God. Die vaste wete laat my en jou ook kinderlik bely: “n Pragtige deel is vir my afgemeet, ja, wat ek ontvang het, is vir my mooi.”

*Sing: Psalm 16:4,5 Ds EJ Smit (Emeritus)*